AFRIKAANS
EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2

JUNIE 2009

TYD: **2 UUR**
PUNTE: **70**

Wes-Kaap Onderwysdepartement
PROVINSIALE REGERING – WES-KAAP

METRO-NOORD
NASIONALE STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE

SENIOR SERTIFIKAAT

JUNIE EKSAMEN – 2009

Hierdie vraestel bestaan uit **31** bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voor jy die vraestel beantwoord.

1. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het deur en kies die tipe vraag wat jy wil doen.

2. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A: Roman	**(35 punte)**
AFDELING B: Drama	**(35 punte)**
AFDELING C: Kortverhale	**(35 punte)**
AFDELING D : Gedigte	**(35 punte)**

4. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

5. Beantwoord altesaam **TWEE vrae: EEN uit ENIGE TWEE afdelings.** *Gebruik die **kontrolelys** aan die einde van hierdie vraestel om jou met jou keuses te help.*

6. Nommer jou antwoorde presies soos in die vraestel.

7. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy en skryf die nommer van die vraag bo-aan die bladsy.

8. Laat **’n reël oop** tussen jou antwoorde en moenie in die kantlyne skryf nie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

10. ’n Voorgestelde tydsindeling : ongeveer 60 minute (een uur) per afdeling/ vraag

11. **Die lengte van die opstel in Afdeling A, B en C is 250-300 woorde.** ***Skryf die getal woorde van jou opstel regs onderaan neer.***

AFDELING A: ROMAN **Beantwoord ENIGE EEN vraag:**		
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**
1.Roman 1 : *Meeulanders*	Opstelvraag	35
OF		
2. Roman 1 : *Meeulanders*	Konteksvraag	35
OF		
3. Roman 2 : *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	Opstelvraag	35
OF		
4. Roman 2 : *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	Konteksvraag	35
OF		
5. Roman 3 : *Kringe in 'n bos*	Opstelvraag	35
OF		
6. Roman 3 : *Kringe in 'n bos*	Konteksvraag	35
OF		
AFDELING B: DRAMA **Beantwoord ENIGE EEN vraag.**		
7. Drama 1 : *Paljas*	Opstelvraag	35
OF		
8. Drama 1 : *Paljas*	Konteksvraag	35
OF		
9. Drama 2 : *Poppie*	Opstelvraag	35
OF		
10. Drama 2 : *Poppie*	Konteksvraag	35
OF		
AFDELING C: KORTVERHALE **Beantwoord ENIGE EEN vraag.**		
11. Kortverhaal 1 : *'n Beter lewe vir Mams*	Opstelvraag	35
OF		
12. Kortverhaal 2: *Lied oor Niemandsland*	Konteksvraag	35
OF		
AFDELING D : GEDIGTE **Beantwoord ENIGE TWEE vrae**		
13. Gedig 1 : "*Vrou langs die pad"*	Konteksvraag	17½
OF		
14. Gedig 2 : "*Woonstelbewoner"*	Konteksvraag	17½
OF		
15. Gedig 3 : "*So long Skipskop"*	Konteksvraag	17½
OF		
16. Gedig 4 : "*Melkkantien"*	Konteksvraag	17½

ONTHOU: Vul die Kontrolelys op p. 31 van die vraestel in om seker te maak jy het al die vrae beantwoord.

AFDELING A: ROMAN

- Beantwoord ENIGE EEN vraag oor die ROMAN wat in die klas behandel is.
- Beantwoord 'n OPSTELVRAAG **OF** 'n KONTEKSVRAAG.

Roman 1 : MEEULANDERS – Esta Steyn

VRAAG 1 (OPSTELVRAAG)

- Jou opstel moet tussen **250 tot 300** woorde lank wees.
- Skryf die aantal woorde regs onderaan neer.

***Die Blanckenbergs speel 'n baie groot rol in die lewens van die mense van Salamanderbaai*.**

Verduidelik die rol wat Hermanus, Fred, Sheila en Skalla in die onderstaande se lewens gespeel het. Dui ook aan of dit 'n positiewe of negatiewe invloed op die betrokke persoon gehad het.

- Jacob Langhans
- Matthys Langhans
- Attie Langhans
- Doreen Bindeman

[35]

OF

VRAAG 2 (KONTEKSVRAAG)

- Die puntetoekenning by elke vraag behoort te dien as riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Gee telkens die KORREKTE antwoord indien 'n stelling ONWAAR is.

2.1 Camilla Calvin se nuwe naam is Ryna van Keulen.
2.2 Attie Langhans is aangestel as nutsman op Meeuland.
2.3 Elsabet se baba is te vroeg gebore.
2.4 Jacob Langhans is die hoofman van die Departement van Seevisserye op Salamanderbaai.

(7)

Janka se geboortesertifikaat sou moontlik soos onderstaande een gelyk het nadat sy met Elsabet se baba omgeruil is.
Hoe sou dit gelyk het as sy NIE omgeruil is nie?
Skryf telkens die KORREKTE BIOLOGIESE inligting by die gegewe nommers neer.

GEBOORTESERTIFIKAAT
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

2.5	NAAM:	Janka Langhans
2.6	VADER:	Jacob Langhans
2.7	MOEDER:	Elsabet Langhans
2.8	PLEK VAN GEBOORTE:	Meeuland
2.9	OUPA AAN VADERSKANT:	Matthys Langhans

(5)

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Hulle sit met hulle bekers koffie buitekant by die buitetafeltjie wat Attie aanmekaargetimmer het. Sy sien hoedat hy kort-kort met sy sakdoek oor sy oë vee en see toe kyk. "Miskien sal Twilight nie weer vir Pikkewyntjie wil laat gaan nie."
"Ek weet nie, Jannerik. Ek weet regtig nie."
Hy sug diep. "Mama-Meeu?"
"Ja, Jannerik?"
"Ons moet 'n boom plant."

2.10	Wie is Twilight en Pikkewyntjie?	(2)
2.11	Wie het hierdie plan vir Jannerik gegee?	(1)
2.12	Verduidelik volledig waarom hulle 'n boom moet plant?	(2)
2.13	Om watter verskillende redes sou Ryna en Jannerik onderskeidelik kon baat by die plant van 'n boom?	(2)
2.14	Hoe verskil die doel van hierdie boom van die boom waarvoor Ryna wens wanneer sy in Silkwood Kliniek is?	(2)
2.15	Watter soort boom gaan hulle plant?	(1)
2.16	Hoekom juis daardie soort boom?	(2)
2.17	Na Doreen se probleme het sy ook besluit om 'n simboliese boom te plant. Wat was haar "boom"?	(2)

Dit voel of die hele klomp vreemdes kan hoor wat sy dink. Die prof kom tot by haar: "My liewe Camilla, ek kan maar net sê: knap gedaan! Ek vra myself af waar al die inspirasie vandaan gekom het?" Hy gee haar skouers 'n drukkie. "Nou ja, die hele Instituut wag op jou. Ek sien uit daarna om jou weer in jou eie kantoor te sien!"
Ek kan nie teruggaan Kaap toe nie, Prof. Ek kan nie weggaan nie. Ek hoort waar ek hoort.

2.18 Voor watter moeilike besluit staan Ryna nou in haar lewe? (1)

2.19 Waarop het sy die besluit wat sy uiteindelik geneem het, gegrond? (2)

2.20 Watter soort verteller/s kry ons in hierdie gedeelte? (2)

2.21 Lewer kommentaar op die gebruik van hierdie soort verteller/s. (4)


[35]

OF

Roman 2 : Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom – Marita van der Vyver

VRAAG 3 – (OPSTELVRAAG)

- Jou opstel moet tussen **250 tot 300** woorde lank wees.
- Skryf die aantal woorde onderaan jou opstel neer.



Die tema van die verhaal is die aanvaarding van die self, jou familie en jou omgewing.

Verduidelik hoe elk van die sentrale karakters 'n rol gespeel het om Hanna tot die punt van selfaanvaarding te bring.
(Verwys in jou opstel na elkeen van die karakters se eienaardighede of andersheid uit Hanna se oogpunt.)

[35]

OF

VRAAG 4: (KONTEKSVRAAG)

- Die puntetoekenning by elke vraag behoort te dien as riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

4.1 Die skrywer gebruik ‘n eerstepersoonsverteller in die verhaal. (1)
4.2 Hanna aanvaar haar ma net soos sy is. (1)
4.3 Hanna is na haar ouma vernoem. (1)
4.4 Die hele gesin was baie opgewonde oor die vakansie op die berg. (1)
4.5 Sharon oortuig Hanna dat ‘n mens ryk moet wees om gelukkig te wees. (1)

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

” ***‘n Spektakel van ‘n huis… waarin geen normale gesin ooit sou woon nie. Dis waarom die eiendomsagent besluit het dis presies die huis vir ons”***

4.6 Van watter huis word hier gepraat? (2)

4.7 Dink jy dat die nuwe huis en tuin ‘n *spektakel* is?
Gee drie redes vir jou antwoord. (4)

4.8. Waarom sou die eiendomsagent hierdie huis as die gepaste een sien? Verwys in jou antwoord na die gesin se behoeftes, die toestand asook die grootte van die huis. (6)

Dalk gaan almal oor die volgende drie weke anders as by die huis begin optree”

4.9 Wat sou oor die volgende drie weke gebeur? (3)

4.10 Verduidelik wie se idée dit was en wat die rede agter die voorgestelde plan is. (3)

4.11 Watter belangrike datum val in hierdie tyd? (2)

“Ek weet ek was nog altyd ‘n swak voorbeeld van ‘n vader” (Gavin)

“ Gesonde verstand? Ek wonder wat op aarde my laat dink het dat my pa so iets besit” (Hanna)

4.12. Lewer kommentaar oor Hanna se pa, Gavin, en sê wat hom volgens jou mening anders maak as ander pa’s. (3)

"Maar ek hét darem 'n pa. Een wat van bloed en bene gemaak is.
Dink hoe moet die arme Tibo voel "

4.13. Wie is Tibo? (1)

4.14. Om watter rede is Hana besorgd oor sy gevoelens oor sy pa? (3)

Pas die omskrywing in Kolom A by die naam in Kolom B.
Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord uit Kolom B neer.

Kolom A	Kolom B	
4.15. Die prima donna -aktrise uit Amerika.	Beyers	(1)
4.16. Sy is Hanna se alter-ego en haar lewe is 'n reguit lyn van geluk.	Margot	(1)
4.17 Die beste man in Mana se lewe wat ook oor die letterkunde kan gesels .	Fabienne	(1)

[35]

OF

<u>Roman 3: Kringe in 'n bos – Dalene Matthee</u>

VRAAG 5 (OPSTELVRAAG)

- Jou opstel moet tussen **250 tot 300** woorde lank wees.
- Skryf die aantal woorde onderaan jou opstel neer.

Saul was van kleins af anders as die bosmense. Hierdie andersheid het hom in konflik (botsing) met diegene rondom hom gebring.

Verduidelik hoe Saul se andersheid tot konflik in die roman gelei het.
Gebruik die volgende leidrade om jou te help:

- Dink aan die konflik tussen Saul, Jozef en die ander bosmense
- die konflik tussen hom en sy pa
- die konflik tussen hom en MacDonald
- die konflik tussen Saul en die dorpsmense

[35]

OF

VRAAG 6 (KONTEKSVRAAG)

- Die puntetoekenning by elke vraag behoort te dien as riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

"Sou hy vandag as vyand in hierdie bos geloop het as hy nie daardie dag die bloubokkie se kop oopgekloof het nie? Sy soektog na Oupoot is besig om dinge in hom oop te kloof wat hy nie oopgekloof wou hê nie! As hy nie daardie dag die bloubokkie se gal gesoek het nie, sou hy vandag Jozef se hand kon vat en vir hom sê: Ek is jammer oor jou seun? As hy terugdink, het die eerste weerbarstigheid daardie dag in hom losgekom....
Jozef.
Jozef met die goeie hart. Jozef wat eenmaal die rieme van sy skouers afgehaal het".

6.1 Waarom word Saul as "vyand" van die Bos beskou? Noem twee redes. (2)

6.2 **Voltooi:** Saul het "daardie dag" as 'n spesiale dag beskou, omdat dit sy ..... was. (1)

6.3 Wat het Saul ontdek nadat hy die bloubokkie se kop oopgekap het? (1)

6.4 Hoe skakel die ontdekking van Saul (by 6.3) met die leuen-motief in die verhaal? (2)

6.5 Wat was Saul se beweegrede vir die agtervolging van Oupoot? (1)

6.6 Stem jy saam met Saul se optrede? Motiveer jou seining. (2)

6.7 Wat sê Saul se optrede teenoor Oupoot omtrent Saul teen die agtergrond van universele waardes? (2)

6.8 Verduidelik die stelling in jou eie woorde: "sy soektog na Oupoot is besig om dinge in hom oop te kloof wat hy nie oopgekloof wou hê nie". (2)

6.9 ***Ten spyte van die verwydering tussen hulle, het Saul gevoel dat hy met Jozef wou simpatiseer.***

6.9.1 Waarom wou hy met Jozef simpatiseer? (1)

6.9.2 Hoe sou jy optree as jy in Saul se situasie was? (2)

6.10 Jozef en Saul het kleintyd 'n goeie verhouding gehad. Wat het Jozef eendag gedoen wat dit bewys? (1)

6.11 ***"As hy terugdink, het die eerste weerbarstigheid daardie dag in hom losgekom...."***
Watter ander gevalle was daar toe Saul se weerbarstigheid na vore gekom het? Noem twee sulke gevalle. (2)

Veelkeusevrae

- **Kies die korrekte antwoorde uit die moontlikhede by elke vraag.**
- **Skryf die letter en die antwoord langs die vraagnommer neer.**

6.12 Die beskrywing wat nie by Saul pas nie.

A verstoteling
B buitestander
C geestelik blind
D 'n bosmens in murg en been (1)

6.13 Die rol wat nie by Maska pas nie, is

A Hy verskaf inligting oor die bygelowigheid van die bosmense.
B Hy is 'n pleitbesorger vir die Bos, vir Oupoot en vir Saul.
C Hy is 'n boodskapper van nuus uit die Bos.
D Hy versorg Saul tydens sy siekte. (1)

Sê telkens of die onderstaande stellings WAAR of ONWAAR is.
Motiveer elke keer jou antwoord deur na die verhaalgebeure te verwys.

6.14 Saul het geglo dat die geelhoutboom "die boom van goed en kwaad" is. **(**2)

6.15 Toe Saul die see vir die eerste keer sien, was dit vir hom soos 'n groot wonder. (2)

Pas die omskrywing in Kolom A by die naam/woord in Kolom B.
Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord uit Kolom B neer.

KOLOM A	KOLOM B
6.16 Kon die trompetter van 'n olifant naboots	Patterson
6.17 Probeer om 100 olifante te skiet	Mister Osborne
6.18 Maska se aandenking	Arend Botha
6.19 Op prospekteertog in die Bos	Marais
6.20 Die eerste persoon wat vertel dat daar goud in die Bos gevind is.	kwartponder

(5)

Voltooi die onderstaande paragraaf deur die ontbrekende woord by elke nommer in te vul.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord langsaan in jou antwoordboek neer.

Die ...6.21... vorm grootliks die ruimte waarin die verhaal afspeel.
Dit is die ruimte waarin die houtkappers gebore word, leef, beweeg, sterwe en begrawe word. Die Bos word egter verwoes deur die ...6.22..., wat die Bos liefhet, maar ook die ...6. 23... en ...6.24 ... wat 'n bedreiging vir die Bos en sy mense is. Saul Barnard en sy mense word deur die dorpenaars as ...6.25 ... beskou, omdat hulle uit die Bos kom. Die roman is 'n aanklag teen die uitbuiting en verwoesting van die natuur.

(5)

[35]

OF

AFDELING B : DRAMA

- Beantwoord ENIGE EEN vraag oor die DRAMA wat in die klas behandel is.
- Beantwoord 'n OPSTELVRAAG **OF** 'n KONTEKSVRAAG.

Drama 1 : Paljas – Chris Barnard

VRAAG 7 (OPSTELVRAAG)

- Jou opstel moet tussen **250 tot 300** woorde lank wees.
- Skryf die aantal woorde onderaan jou opstel neer.

Ouers se negatiewe optrede teenoor mekaar het 'n negatiewe invloed op hulle kinders.

Verduidelik hoe hierdie boodskap in *Paljas* uitgebeeld word deur te verwys na:

- Hendrik en Katrien se verhouding.
- Die uitwerking wat Hendrik en Katrien se verhouding op Emma en Willem het.

[35]

OF

VRAAG 8 (KONTEKSVRAAG)

- Die puntetoekenning by elke vraag behoort te dien as riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

Pas die inligting in Kolom A by die naam in Kolom B.
Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord uit Kolom B neer.

KOLOM A	**KOLOM B**
8.1 Sy voel onseker en wil nooit trou nie.	Hendrik
8.2 Sy maak haar lippe rooi en hunker na romanse.	Jan Mol
8.3 "Oom probeer heeltyd om my aan haar te verkoop. Oom moenie, Oom."	Nollie
8.4 "Hoe gaan sy getroud kom as sy so hol vir al wat 'n broek is!"	Emma
	Willem
	Katrien

(4)

Lees die uittreksel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Hendrik se motor staan langs die pad met die kap oop. Net Hendrik se bene steek onder die kap uit.
Willem staan in die middel van die pad, agter die motor, besig om met drie klippe te probeer goël.

KATRIEN (*nou self kwaad*): 'n Kar! Watse kar? Noem jy dit 'n kar? (*Die kind is besig om met sy drie klippe te goël. Die kar is op die agtergrond. En Hendrik regs. Terwyl die struweling vlam vat, klim Katrien links uit en klap haar deur toe.)*
Jy kan nie 'n kar se wieldoppe bekostig nie, Hendrik McDonald!
HENDRIK: Katrina, oppas wat jy sê...
KATRIEN: Hoekom? (*Die kind vang 'n klip mis en die ander twee val ook tussen sy hande deur.)* Dis my oorbelle. Dis my geld. Dis my lewe. Jy't my lank genoeg gehiet en gebied. Ek het honderd rand daarvoor betaal en ek het vir my poeier op skuld gekoop en wat daarvan?
HENDRIK (*onheilspellend sag*): Jy't wát?
KATRIEN: Ek is klaar gesukkel. Ek gaan nou vir myself begin sorg.

Hendrik beweeg agter om die motor na haar kant toe – eerder verbaas as aggressief.

HENDRIK: Maar, jisses, vroumens...
KATRIEN: Vat net aan my. Probeer net en kyk wat gebeur.
HENDRIK: Wat – is jy gewoond ek vat aan jou?
KATRIEN: Nee, jy's te treurig. Jy's net bek en dis al.
HENDRIK: Jy's moeg gesukkel. So nou wat? So, nou's jy moeg gesukkel. Ek sloof my af, maar jy's moeg gesukkel.
KATRIEN: Jy's vyf en veertig en wat het jy? Niks. (*Sy praat skielik gedemp, met ingehoue woede.*) Net mooi niks. Jy's vyf en veertig en jy pas 'n stasietjie op waarvan almal al vergeet het. Jy's grootmeneer en jy't baie te sê, maar jy kan nie eers twee simpel oorbelle bekostig nie. Jy slaap allenig oor jy nie weet van vroumense nie, Hendrik. Oor jy niks verstaan van vroumense nie! Al waarvan jy verstaan, is ou stukkende karre! 'n Vrou is nie 'n kar nie, Hendrik! (*Sy loop*.)

8.5 Waarom is Hendrik kwaad vir Katrien? (1)

8.6 Kies die korrekte antwoord:

'n Kar! Watse kar? Noem jy dit 'n kar?

Katrien se woorde is ...

A) humoristies
B) sarkasties
C) stereotipies
D) ironies (1)

8.7	Waarmee is Willem besig terwyl Katrien en Hendrik langs die motor staan en baklei?	(1)
8.8	Watter uitwerking het hierdie bakleiery op Willem?	(1)
8.9	Waarvan beskuldig Katrien vir Hendrik as sy sê: "Jy's vyf en veertig en jy pas 'n stasietjie op waarvan almal al vergeet het."?	(1)
8.10	Wat bedoel Katrien as sy sê dat 'n vrou nie 'n kar is nie?	(1)
8.11	Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Gee 'n rede vir jou antwoord. Hendrik slaap alleen in 'n kamer.	(2)
8.12	Hoekom, dink jy, het Hendrik en Katrien nie gesien dat Willem wegloop nie?	(1)
8.13	***Willem gaan na Manuel toe.***	
8.13.1	Waar het Willem en Manuel altyd ontmoet?	(1)
8.13.2	Wat, stel Manuel voor, moet hulle doen wanneer hy sien dat Willem ongelukkig voel en nie wil lag nie?	(1)
8.13.3	Hoe verander Willem se gemoedstoestand as hy by Manuel is en doen wat die nar voorgestel het?	(1)
8.13.4	Noem TWEE karaktereienskappe van Manuel wat daartoe bydra dat hy uiteindelik vir Willem help om weer te praat.	(2)
8.13.5	Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Gee 'n rede vir jou antwoord. Willem bly die hele nag by Manuel.	(2)

Lees die uittreksel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

'n Deur klap in die huis en ons hoor Hendrik brom-brom deur die voorkamer aankom. Hy verskyn op die voorstoep, gooi sy hoed op 'n stoel neer. Hy het 'n baadjie en das aan. Hy praat eerder met homself as met iemand anders.

HENDRIK: Ek weet nie wat gaan aan met die spul nie. Hulle staan hulle nekke en rek of ons ape in 'n hok is! (*Besig om sy das af te haal*.) Vanmôre in die dorp loop hulle skoon teen die winkelstoepe vas. Nou vra ek jou – wat is skielik so snaaks aan ons? (*Hy gooi die das op die stoel. En wil gaan sit, maar steek vas wanneer hy Nollie teen die stoeptrap sien opkom*.) Ja, Nollie-man – waar val jy uit?
NOLLIE: Middag, Oom.

HENDRIK: Waar's Emma?
NOLLIE: Nee, ek het haar nog nie met 'n oog gesien nie, Oom. Middag, Tannie.

Want Katrien kom nou ook op die stoep uit.

KATRIEN: Hello, Nollie.
NOLLIE: Ek kom juis net hoor of Emma nie saam met my wil kom kyk nie – die perdeblomme staan bloedrooi hier onder langs die spruit.
KATRIEN: Die perdeblomme? Maar hulle blom mos eers in November.
HENDRIK: So, wat maak dit saak?
KATRIEN: Dis eers oor twee maande!
HENDRIK: So?

Emma het intussen onseker in die voordeur kom staan.

NOLLIE: Hello, Emma! (*Hy sê dit 'n bietjie hard om sy eie ongemaklikheid te verberg*.) Hoe gaan dit?
HENDRIK: Nollie wil jou die perdeblomme loop wys.
EMMA: Nee, dankie.
NOLLIE: Tannie, sy't belowe sy sal saam met my Volstruisdans toe gaan.
HENDRIK: Wát?
EMMA: As Ma-hulle ook gaan.
KATRIEN: Ek sal gaan as Pa my vra.
HENDRIK: W-á-t?
KATRIEN: Ek sou laas jaar ook gegaan het as iemand my gevra het. (*Sy gaan die huis in*.)

8.14 Kies die korrekte antwoord:

Die beskrywings wat tussen hakies tussen die karakters se woorde gegee word, word ... genoem.

A) dialoog
B) toneelaanwysings
C) milieu
D) uiteensetting (1)

8.15 Haal TWEE kort frases uit die bogenoemde leesstuk aan wat aandui dat Hendrik ontsteld is wanneer hy by die huis kom. (2)

8.16 Dink jy Hendrik se ontsteltenis oor hierdie konfliksituasie is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. (3)

8.17 Watter tema word deur hierdie situasie uitgebeeld? (1)

8.18 Nollie sê hy het Emma "nog nie met 'n oog gesien nie". Hoekom is sy antwoord op Hendrik se vraag nie heeltemal 'n leuen nie? (2)

8.19 Watter plan bedink Nollie om Emma 'n rukkie alleen te sien? (1)

8.20 Wat kan jy aflei van Emma se reaksie toe sy hoor van die plan? (1)

8.21 Hoe het dit gebeur dat Emma ingestem het om Nollie na die Volstruisdans te vergesel? (2)

8.22 Waarop dui Katrien se antwoord op Hendrik se verbaasde reaksie toe hy hoor dat Katrien na die Volstruisdans toe sal gaan as hy haar vra? (2)

[35]

OF

Drama 2 : Poppie – Elsa Joubert & Sandra Kotzé

VRAAG 9 (OPSTELVRAAG)

- Jou opstel moet tussen **250 tot 300** woorde lank wees.
- Skryf die aantal woorde onderaan jou opstel neer.

Op Poppie se lewensreis het sy baie ontberinge gehad.

Bespreek hierdie stelling deur veral na die volgende te verwys:

- Redes waarom sy die skool moes verlaat het.
- Die versorging van haar familie tot wanneer sy gaan werk het. `
- Die opofferings wat Poppie vir haar kinders gemaak het.
- Haar verhouding met God.

[35]

OF

VRAAG 10 (KONTEKSVRAAG)

- Die puntetoekenning by elke vraag behoort te dien as riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

POPPIE. **Hulle het my 'n extension van ses maande gegee, maar toe ek na ses maande weer daar kom, ek het toe nog nie werk gekry nie, want ek het al drie kindertjies tuis gehad en met my man se siekte was dit moeilik - toe kyk Mr Strydom my pas en sê:**

MR STRYDOM. **Jy kwalifiseer nie hier in die Kaap nie. Jy is getroud met 'n man uit die Ciskei, jy moet Ciskei toe.**

POPPIE. **Dit was die eerste keer dat ek die woorde hoor. Ek het gedink: hulle het my hier na die Kaap toe gebring - hulle sal mos nie nou so sê nie.**
(Draai na Mama.) **Mama…**

MAMA. **Ja, Poppie?**

POPPIE. **…. Hulle wil my Kafferland toe stuur!**

MAMA. **Dan moet jy sorg dat jy werk kry. As jy werk het, kan hulle jou nie wegstuur nie. Katie moet maar die skool los en jou kinders kom oppas.**

POPPIE. **Nee, Mama - Katie moet nie haar skool verloor nie. Ek sal maar self klaarkom. (…)**

PLANK. **En toe sy by die kantoor in Nyanga kom om haar pas te change, want haar werk- extension is toe klaar, toe sê Mr Strydom:**

MR STRYDOM. **Soos die wet sê, moet ek vir jou 'n phumaphele gee.**

MOSIE. **Dis soos hulle in die lokasie roep vir jy moet uit, jy moet weg.**

HOEDJIE. **Die wet het streng geword dat die vrouens van mans wat nie vyftien jaar in die Kaap is nie, of nie tien jaar by dieselfde baas gewerk het nie, weggestuur word na hulle huise toe.**

10.1 Met wie voer Poppie 'n gesprek in die eerste spreekbeurt ? (1)

10.2 Waar vind hierdie gesprek plaas? (1)

10.3 Watter slegte tyding het Mr Strydom aan Poppie gegee? (2)

10.4 Na 'n ses maande - pasverlenging is Poppie nog werkloos.
Watter twee redes voer sy aan as die oorsaak van haar werkloosheid? (2)

"Jy wil mos 'n rou Kaffer gaan trou. Jy hou mos van Kafferland."

10.5 Watter karakter het bogenoemde woorde aan Poppie gesê? (1)

10.6 Wat het hierdie karakter met hierdie woorde bedoel? (2)

10.7 Waarna verwys "Kafferland" dwarsdeur die drama? (1)

Veelkeusevrae

- **Kies telkens die korrekte antwoord.**
- **Skryf die letter en die antwoord langs die vraagnommer neer.**

10.8 Verskaf EEN woord wat Poppie se gemoedstoestand in hierdie toneel beskryf.

A opgewonde
B blymoedig
C wanhopig
D impulsief (1)

10.9 Mr Strydom is die _____ in die drama.

A protagonis
B antagonis
C tritagonis
D katalisator (1)

10.10 "…my man kwalifiseer nie in die Kaap nie, daarom moet ek weggaan." Watter stylfiguur word in bogenoemde aanhaling aangetref?

A ironie
B kontras
C sarkasme
D satire (1)

10.11 Sê of die onderstaande stelling WAAR of ONWAAR is.
Gee 'n rede vir jou antwoord.

Bonsile is Poppie se eersteling by Stone. (2)

10.12 Lewer kommentaar oor die Afrikaans wat in die drama gebruik word? (1)

10.13 Noem TWEE maatskaplike probleme wat Poppie gedurende haar lewensreis ondervind het. (2)

10.14 Vukile word beskou as 'n geskenk van God.
Stem jy saam met hierdie stelling? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

10.15 Wat word die onderstaande vrae genoem waarop daar nie antwoorde verwag word nie?

"*Maar waarnatoe moet ons gestuur word?...*
Wil jy my Kafferland toe stuur?... (1)

Pas die aanhaling in Kolom A by die naam in Kolom B.
Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord uit Kolom B neer.

KOLOM A	KOLOM B
10.16 "Sy het by Mrs Scobie gaan werk vir agt pond in die maand."	Mrs Retief
10.17 "Jy wil my uit die huis uit wegkry."	Jakkie
10.18 "Dis nou sewe jaar lat ek nie verder as twee maande en soms drie maande weet lat ek in die Kaap kan aanbly nie."	Hoedjie
10.19 "Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop.	Stone
10.20 " As die Here 'n mondjie stuur, sal hy ook die korsie brood saamstuur."	Poppie

(5)

10.21 Poppie is deur die pasbeampte aangesê om die Kaap te verlaat en het haar tuiste in Mdantsane gemaak.
Wat sou jy gedoen het as jy in dieselfde situasie as die karakter was?
(2)

Vul die ontbrekende woorde in. Die woorde wat jy invul, moet op die inhoud van die drama gebaseer wees.
Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte woord langsaan neer.

Die kinders het 'n groot rol gespeel gedurende die …10.22….- opstande. Polisievangwaens, busse, skole asook …10.23… is afgebrand. Hulle het dronk geraak van die wyn wat hulle in hul kele afgegooi het. Die kinders tree rebels op en word deur die polisie …10.24….

Deur die onredelike wette gedurende die opstande, het Jakkie 'n …10.25…. rol gespeel. Hy het aan Poppie genoem dat hy in opstand gekom het oor veral die onregverdige behandeling teenoor haar en haar kinders wat deur die regering veroorsaak is. Jakkie is deur die polisie gevange geneem omdat hy met die skoolkinders aan 'n …10.26... deelgeneem het.

(5)

10.27 **"*Sy is seker dronk."***
'n Wit vrou sê bogenoemde woorde.
Is die vrou se woorde regverdig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

[35]

OF

AFDELING C : KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL – saamgestel deur J.P. en Ria Smuts

- Beantwoord ENIGE EEN vraag oor die KORTVERHALE wat in die klas behandel is.
- Beantwoord 'n OPSTELVRAAG **OF** 'n KONTEKSVRAAG.

VRAAG 11 (OPSTELVRAAG)

- Jou opstel moet tussen **250 tot 300** woorde lank wees.
- Skryf die aantal woorde onderaan jou opstel neer.

Kortverhaal 1 : 'n Beter lewe vir Mams – Zulfah Otto-Salies

Solly voer 'n stryd met homself en sy omstandighede weens sy begeerte om 'n beter lewe vir sy ma te gee. Dit gee aanleiding tot sy besluit om handel te dryf met dwelms.

Verduidelik

- die konflik (botsing) wat Solly met homself, sy ma en die gereg in die verhaal ervaar.
- die ironie in die titel deur na die gebeure in die verhaal te verwys.

[35]

OF

VRAAG 12 (KONTEKSVRAAG)

- Die puntetoekenning by elke vraag behoort te dien as riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

Kortverhaal 2 : Lied oor Niemandsland - Jan Rabie

Voltooi die onderstaande paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul.

- **Jou antwoorde moet op die inhoud van die kortverhaal gebaseer wees.**
- **Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord langsaan neer.**

Evert kom na ...12.1 ... terug uit krygsgevangenskap na sy dorp wat 'n jaar tevore in...12.2 .. gesny is deur 'n ...12.3... . Sy geliefde, ...12.4... , is nou aan die anderkant van die heining. ...12.5... probeer hom aan 'n ander meisie voorstel. Hy raak ...12.6... en vra die meisie om te loop. Hy besluit om ten spyte van die soldate se dreigemente en ....12..7.. sy geliefde se gunstelinglied op sy ...12.8... by die draad te gaan speel. (9)

Veelkeusevrae

- **Kies telkens die korrekte antwoord.**
- **Skryf die letter en die antwoord langs die vraagnommer neer.**

12.9 _____ is die hoofkarakter in hierdie kortverhaal.

A. Anna
B. Evert se ma
C. Evert
D. Anna en Evert (1)

12.10 "Die volgende oggend het Evert weer in die sneeu voor die doringdraad en geweermonde gaan staan."
"geweermonde" is 'n voorbeeld van 'n ...

A. vergelyking
B. metafoor
C . hiperbool
D. personifikasie (1)

12.11 Terwyl Anna en Evert sing, het die mense aan albei kante van die plein ...

A. hulle bespot
B. vergader om te luister
C. hulle met die sneeu gegooi
D. hulle net aangestaar (1)

12.12 Een van die wagte by die heining was aggressief omdat hy ...

A. moeg en vaak was
B. die verpligte diensplig gehaat het
C. na sy meisie verlang het
D. koud gekry het (1)

Bestudeer die onderstaande aanhaling en beantwoord die vrae wat daarop volg.

" ***Die dag van Evert se terugkeer het sy moeder na die stasie gegaan om te huil en haar seun huis toe te lei."***

12.13 Gee twee redes vir die oorsaak van sy moeder se trane toe sy hom gaan haal het. (2)

12.14 Wat was Evert se reaksie toe hy gesien en gehoor het wat op die dorp gebeur het? (1)

12.15 Beskryf die verskil tussen die dorp wat hy eers geken het en die een wat hy nou sien. (4)

12.16 Wat was Evert se grootste begeerte toe hy teruggekom het? (1)

Bestudeer die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Evert het verby die soldate na die oorkantse huise getuur waar die aand skaduwig teen die mure aan die aanblou was.
"Ek respekteer mos jul heining," het hy gesê.
Hy het sy kitaar omgeswaai en dadelik 'n wysie wat hy vroeër veel gespeel het omdat dit Anna se lieflingslied was, uit die snare begin slaan.
Die wag het weer gedreig, maar sy maat het gelag en gemeen: "Laat ons sien of sy nog sy meisie is."

12.17 Evert bly aan sy kant van die heining staan en probeer dit nie eens oorkruis nie. Behalwe dat hy moontlik bang was om geskiet te word, wat kan ons nóg van sy karakter aflei? (1)

12.18 Dui aan of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is.
Motiveer jou antwoord.

Die soldate was simpatiek teenoor die gemeenskap van die verdeelde dorpie. (2)

12.19 ***Evert se ma probeer om hom te oorreed om van Anna af te sien.***

12.19.1 Noem twee dinge wat sy doen om hom te beïnvloed. (2)

12.19.2 Waarom, dink jy, wil sy so graag hê dat Evert van Anna moet afsien? Noem twee redes. (2)

12.20 ***"die lang skeidende sleepsel van die dood..." is 'n metafoor wat vir die doringdraadheining gebruik word.***

12.20.1 Watter simbool kan aan hierdie metafoor gekoppel word? (1)

12.20.2 Hoe verstaan jy hierdie simbool? (2)

12.21 Verduidelik hoe die stemming of gevoel aan die begin van die verhaal teen die einde verander het. (2)

12.22 Wat is die boodskap in die kortverhaal en dui aan hoe dit selfs die soldate raak. (3)

[35]

OF

AFDELING D : GEDIGTE

VERSJOERNAAL – saamgestel deur Hein Willemse e.a.

- Beantwoord ENIGE TWEE vrae oor die GEDIGTE wat in die klas behandel is.

VRAAG 13 (KONTEKSVRAAG)

- Die puntetoekenning by elke vraag behoort te dien as riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae.

Vrou langs die pad - Louis Esterhuizen

Jou lyf lê bruin soos kardoes
langs die tref-en-trap van die pad
en grassaad poeier tot stof
hier waar jy slaap
jou laaste slaap
jou rok rafel nog om jou bene
asof jy steeds aanstryk na die halte
maar langs jou jaag ‘n bloedstroom weg
tussen klip
en teer, lê jou hand onbekend en vaal
langs die flenters van jou sak
Jou kinders by Vlottenburg se krothuisies
sal wag vir jou,
hul stemme sal tussen die speel deur soek
na die smal pad wat dorp toe krul
daar waar jy kos en klere wou gaan kry
Op jou tuiskoms sal hulle wag, op die krom
aansukkel met pakkies onder die arm
die veraf roep, die naderstorm, uitbundig
die neergooi, die arms, die jubel
van jou terugkeer
Die tweevertrekhuisie se skewe deur
sal jou roep en jou man sal geduldig sy pyp
weer stop: Uur na uur oor die vallei heen
tuur
na waar die laatmiddagson die bergrant
kleur. En spoedig sal die son weer vuurmaak
oor die bulte, die sap rooi
in die druifkorrels in
suig, weldra sal die plaaswerkers
die trosse onder blare uit na vore bring
en jou kinders
sal ‘n ander speletjie speel

34 hul stemme sal klink die strate deur
35 die sagte môre teen
36 en almal sal weer lag en lewe
37 al is jy heen, hier waar jy lê langs die pad
38 bruin soos ‘n kardoes met jou handsak
39 aan flarde, wyd verstrooi deur son en reën.
40 En jy?
41 Hier waar jy lê, sal hulle ‘n houtkruis plant,
42 sal grassaad soms nog buig, sal skape wei.

Uit: Liefland, 2004

- **Voltooi die onderstaande paragraaf deur die ontbrekende woord in te vul.**
- **Jou antwoorde moet op die inhoud van die gedig gebaseer word.**
- **Skryf slegs vraagnommers 13.1 tot 13.7 neer en die gepaste antwoord langsaan.**

Die polisie is opsoek na ‘n middeljarige vrou se gesin in die ...13.1... – omgewing. Die onbekende vrou se bruin liggaam is langs die pad aangetref na ‘n tref-en-trap ongeluk. Die oorledene het ‘n lang ...13.2... aangehad. Haar ...13.3... is aan flarde. Sy was vermoedelik ‘n ...13.4... – werker op een van die naby geleë wynplase. Sy was op pad om ...13.5... en klere te gaan koop.
Sy het aangestryk ...13.6... toe, toe sy deur ‘n wit minibus taxi gestamp is.
Daar sal ‘n ...13.7...ter nagedagtenis van die vrou op die ongelukstoneel geplaas word.

(7)

- **Kies die gepaste antwoord uit kolom B wat by woorde in Kolom A pas.**
- **Skryf die nommers 13.8 tot 13.12 onder mekaar neer en die gepaste antwoord uit Kolom B langsaan.**

	KOLOM A	KOLOM B
13.8	tref-en- trap	Plakkershutte
13.9	Lag en lewe	Retoriese vraag
13.10	Krothuisies	Strak met inspanning kyk
13.11	En jy?	Ongeluk waar bestuurder wegjaag
13.12	Uur na uur tuur	alliterasie

(5)

13.13 Lewer kommentaar oor die kinders se lewe nadat hulle moeder gesterf het. (2)

13.14 Dink jy die titel, *Vrou langs die pad*, is gepas? Motiveer jou antwoord. (3)

13.15 Kies die korrekte antwoord:
Die vrou het in ‘n middelklas / armoedige buurt gebly. (½)

[17 ½]

OF

VRAAG 14 (KONTEKSVRAAG)

- Die puntetoekenning by elke vraag behoort te dien as riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae.

Woonstelbewoner – Sheila Cussons

Laat ek my seëninge tel.
Byvoorbeeld, wat hoor ek nou, wat kan
my trillende aandag my vertel?
Gesuis van verkeer op straat;
die hartbreekroep van ‘n inkblou voël
waarvan ek die naam nog moet leer;
die klein klikgeluidjie by tussenpose
van my stoof wat my herinner
dat iets daarop prut. En, dat die energieke dag
nou nag toe staan.
Saam net welkom in my oor
en wat ek knersend kalm probeer om skoon te hoor
dwarsdeur, bo-oor
die beleg van my sinne tot in my skedel
van daardie TV-ding langsaan.

Uit: Die heilige modder, 1988

14.1 Waarom, dink jy, wil die spreker haar seëninge tel? (2)

14.2 Die digter maak gebruik van die opnoemtegniek (die geluid van die verkeer, voëls en die stoof). Waarom, dink jy, noem sy juis hierdie geluide? (1)

14.3 Haal ‘n voorbeeld van alliterasie uit versreël 7 aan. (1)

14.4 Wat bedoel die spreker as sy praat van ‘n “*energieke dag*”? (1)

14.5 Van watter beeldspraak word hier in 14.4 gebruik gemaak? (1)

14.6 Verduidelik waarom die spreker die teenstellende woorde, “*knersend kalm*” in versreël 12 saam gebruik om haar gevoel uit te druk. (2)

14.7 Noem twee redes waarom hierdie gedig ’n vryevers genoem kan word. (2)

14.8 Watter indruk skep die “hartbreekroep” van die voël? (1)

Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.
Bewys jou antwoord deur uit die gedig aan te haal.

14.9 Die spreker ken nie die naam van die voël nie. (2)

Veelkeusevrae

- **Kies telkens die korrekte antwoord**
- **Skryf die letter en antwoord langs die vraagnommer neer.**

14.10 Die woord prut dui aan dat iets …

A afkoel
B smoor
C verbrand
D kook (1)

14.11 Seëninge verwys na …

A geld
B sintuie
C gawes
D kinders (1)

14.12 Het jy simpatie met die woonstelbewoner?
Wat sou jy doen as jy in dieselfde situasie was? (2)

14.13 Watter sintuig van die spreker is veral aktief? (½)
[17 ½]

OF

VRAAG 15 (KONTEKSVRAAG)

- Die puntetoekenning by elke vraag behoort te dien as riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae.

So long Skipskop – David Kramer

Pak op pak op
Sit jou goedjies op jou kop
Môre gaan ons weg
Ver van hier weg
Skipskop Skipskop
wanneer hou die dinge op
swaarkry lê net voor
die blou berge oor

Overbergse mens is ek gebore
Op die plek Skipskop
nes my pa en sy pa ook
hier deur die duine loop onse spore
hier op die beach hier langs die see

is ek gedoop
Wat ken ek anders as die bloudam se branders
die wolke en die winde wat hier waai
Verkoop jou bootjie
pak op jou goedjies
sê ma So long Skipskop Skipskop

sê goodbye
Linkerhand regterhand watsekant
lê die plek Misverstand
Asseblief meneer sê tog weer
is dit die pad wat ons moet môre vat

'n Stukkie hier 'n stukkie daar
stukkies van my lewe lê nou deurmekaar
tel op tel op vir Shorty en vir Pop
gaan haal vir Apie en hou daai kindjie dop

Wat ken ek anders as die bloudam se branders
die wolke en die winde wat hier waai
Verkoop jou bootjie
pak op jou goedjies
sê ma So long Skipskop Skipskop
sê goodbye
sê ma So long Skipskop Skipskop
sê goodbye

Van: David Kramer, Blik Music, 1986

15.1.	Dink jy die titel is gepas? Motiveer jou antwoord	(2)
15.2	Wie is die spreker in hierdie gedig?	(1)
15.3	Noem TWEE verskillende bevele wat die inwoners gekry het.	(2)
15.4	Waarheen verhuis hierdie inwoners?	(1)
15.5	Hoe weet ons dat hulle besittings maar min is?	(1)
15.6	Haal ‘n versreël aan wat bewys dat die spreker en sy familie al geslagte lank op Skipskop bly.	(1)
15.7	In versreël 21 sê die spreker “*Linkerhand regterhand watsekant*”. Wat kan ons hieruit aflei?	(2)
15.8	Hoe weet jy dat die spreker verlore sal voel op ’n ander plek?	(1)
15.9	Het jy simpatie met die inwoners? Wat sou jy doen as jy in dieselfde situasie as hulle was?	(2)
15.10	Wat is die funksie van herhaling in hierdie liedjie / gedig?	(2)
15.11	Lewer kommentaar oor die spreker se taalgebruik.	(2)
15.12	Uit hoeveel strofes bestaan hierdie gedig?	(½)
		[17 ½]

OF

VRAAG 16 (KONTEKSVRAAG)

- Die puntetoekenning by elke vraag behoort te dien as riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae.

Melkkantien – Elisabeth Eybers

1 Wat soek sy hier waar alles glim, die vrou,
2 verweer en afgewater, kneukels rooi,
3 soos die tamatiesap waarom hul klou?
4 Tussen die kelnerinne, opgetooi,
5 met jong gesigte, almal leeg en hard,
6 wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
7 in haar verrimpelde gelaat die smart
8 van anders en alleen wees saamgeskroef?

9 Vir sóveel powerheid is daar geen troos:
10 ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
11 na 'n apteker, dalk kan sy my help?
12 Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
13 van vriendelikheid, beduie tandeloos:
14 Jy meen 'n kemmis? Ja, net om die hoek.

Uit: Die helder halfjaar, 1956

- **Voltooi die onderstaande paragraaf deur elke keer die ontbrekende woord teenoor die vraagnommer in te vul.**
- **Jou antwoorde moet op die inhoud van die gedig gebaseer word.**

.

DIE KELNERIN

Die een kelnerin lyk oud en verrimpeld, sy het geen tande in haar mond nie en haar hare is…16.1… toutjies.
Haar voorkoms pla die spreker, want sy … 16. 2… nie in haar werksplek en by die ander kelnerinne nie. Sy lyk so stroef en…16.3…, tog is sy baie …16.4….

(4)

Kies die gepaste antwoord uit Kolom B wat by die inligting in Kolom A pas.
Skryf die nommers 16.5 tot 16.10 onder mekaar neer en die gepaste antwoord uit Kolom B langsaan.

	KOLOM A	KOLOM B
16.5	dubbelpunt	8 (agt) versreëls
16.6	vergelyking	Melkkantien
16.7	Italiaanse sonnet	die wending is in hierdie deel van die gedig
16.8	teenstelling / kontras	14 versreëls met oktaaf en sestet
16.9	oktaaf	'n verduideliking volg daarna
16.10	sestet	"kneukels rooi, soos die tamatie sop"

(6)

Veelkeusevrae

- **Kies telkens die korrekte antwoord**
- **Skryf die letter en antwoord langs die vraagnommer neer**.

16.11 "Hier waar alles glim" verwys na …..

A waar alles vuil is
B waar alles nie dieselfde is nie.
C waar alles onvriendelik is
D waar alles blink (1)

16.12 Die woord wat as sinoniem vir "*gelaat"* in versreël 7 gebruik kan word, is …..

A stroef
B afgesloof
C verrimpelde
D gesig (1)

16.13 In watter twee opsigte verskil die een kelnerin se voorkoms van die ander wat daar werk? (2)

16.14 Wie is die spreker in die gedig? (1)

16.15 Lewer kommentaar oor die taalgebruik in die slotversreël. (2)

16.16 Voltooi: Die kelnerin bedien _____ sap. (½)

[17 ½]

GROOTOTAAL: 70

KONTROLELYS

Vul die onderstaande Kontrolelys in om seker te maak dat jy al die vrae beantwoord het:

AFDELING	**VRAAG-NOMMERS**	**GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD**	**MERK AF ✓**
A: Roman *(Opstelvraag **of** konteksvraag)*	1 tot 6	1	
B: Drama *(Opstelvraag **of** konteksvraag)*	7 tot 10	1	
C. Kortverhale *(Opstelvraag **of** konteksvraag)*	11 en 12	1	
D: Gedigte *(Konteksvrae)*	13 tot 16	2	
LET WEL: **Beantwoord vrae uit slegs TWEE afdelings.**			